

ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2015



• SVDD-waarde per aandeel **↑ 13%** tot **R10,37** op 31 Augustus 2015 • Herhalende wesensverdienste per aandeel vanaf beleggings **↑ 12%** tot **21,5 sent** • Herhalende wesensverdienste per aandeel **↑ 3,4%** tot **15,4 sent**

OORSIG

Zeder is 'n belegger in die breë landboubedryf, met 'n spesifieke fokus op die voedsel- en dranksektore. Die waarde van sy onderliggende beleggingsportefeulje het toegeneem van R13,4mjd op 28 Februarie 2015 tot R16,2mjd op 31 Augustus 2015. Zeder se belang van 27,1% in Pioneer Voedsel bly sy grootste belegging en maak 71,7% van die portefeulje uit.

Zeder het die Capespan-reëlinskema suksesvol afgehandel waardeur die oorblywende 25%-belang ter waarde van meer as R500m gehou deur minderheidsaandeelhouers, bestuur uitgesluit, verkry is. Die transaksie het 'n beduidende premie vir Capespan-aandeelhouers beteken en gee aan hulle 'n likiede alternatief, terwyl dit Zeder in staat stel om op die uitbreiding van die Capespan-besigheid te fokus. As koopteenprestasie is 69,6m Zeder-aandele aan Capespan-aandeelhouers uitgereik.

SOM-VAN-DIE-DELE ("SVDD")

Zeder se SVDD-waarde per aandeel, wat bereken word deur die gekwoteerde markpryse vir alle JSE-genoteerde beleggings en markverwante waardasies vir ongenoteerde beleggings te gebruik, het sedert 28 Februarie 2015 met 13% tot R10,37 gestyg. Met die beursluiting op Dinsdag, 29 September 2015, was Zeder se SVDD-waarde per aandeel R10,22.

Maatskappy	28 Feb 2015		31 Aug 2015		29 Sep 2015	
	Belang (%)	Rm	Belang (%)	Rm	Belang (%)	Rm
Pioneer Voedsel	27,3	9 533	27,1	11 592	27,1	11 393
Capespan	71,1	1 463	96,6	2 027	96,6	2 027
Zaad	92,0	885	92,0	1 018	92,0	1 018
Kaap Agri	37,9	629	39,4	688	39,4	688
Agrivision	76,5	563	55,9	614	55,9	614
Quantum Voedsel	26,4	231	26,4	196	26,4	210
Ander		52		42		48
Totale beleggings		13 356		16 177		15 998
Kontant en kontantkwalente		338		36		1
Ander netto verpligtinge		(439)		(428)		(433)
SVDD-waarde		13 255		15 785		15 566
Aantal uitgereikte aandele (m)		1 443,8		1 522,9		1 522,9
SVDD-waarde per aandeel (R)		9,18		10,37		10,22

HERHALENDE WESENSVERDIENSTE

Herhalende wesensverdienste vanaf beleggings

Netto rente, belasting, ander inkomste en uitgawes
Bestuurs(basis)fooi

Herhalende wesensverdienste

Nie-herhalende wesensverdienste

Bestuurs(prestasie)fooi

Ander

Wesensverdienste

Nie-wesensitems

Toeskryfbare verdienste

Geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele (m)

Herhalende wesensverdienste per aandeel vanaf beleggings (sent)

Herhalende wesensverdienste per aandeel (sent)

Wesensverdienste per aandeel (sent)

Toeskryfbare verdienste per aandeel (sent)

Die totale *herhalende wesensverdienste* vanaf beleggings het met 67% gestyg, hoofsaaklik as gevolg van Pioneer Voedsel se goeie prestasie en Zeder se verhoogde aandeelhouing daarin as gevolg van die Agri Voedsel-reëlinskema gedurende die vorige jaar. *Herhalende wesensverdienste* per aandeel vanaf beleggings het met 12% gestyg, terwyl *herhalende wesensverdienste* per aandeel met 3,4% tot 15,4 sent gestyg het. Die verskil was hoofsaaklik te wyte aan die hoër bestuursbasisfooi uitgawe na gelang van Zeder se verhoogde markkapitalisasie gedurende die sesmaande-tydperk onder oorsig.

VOORUITSIGTE

Zeder sal aktief by sy bestaande portefeulje van maatskappye betrokke bly en deurentyd nuwe geleenthede ondersoek. Ons glo dat die breë landboubedryf, ondanks onafwendbare siklisiteit, plaaslik sowel as in die buiteland lonende beleggingsgeleenthede bied.

Geouditeer	Ongeouditeer	
28 Feb 2015	31 Aug 2014	31 Aug 2015
12 maande	6 maande	6 maande
Rm	Rm	Rm
541	188	314
(9)	(5)	(8)
(118)	(37)	(81)
414	146	225
(118)	(37)	(81)
(38)	33	(55)
258	142	89
(16)	(8)	(24)
242	134	65

1 172,0

980,2

1 458,4

46,1

19,2

21,5

35,3

14,9

15,4

22,0

14,5

6,1

20,6

13,7

4,4

DIVIDEND

Zeder se beleid is om slegs 'n finale dividend met jaareinde te verklaar.

ONGEOUDITEERDE FINANSIËLE RESULTATE

Hierdie aankondiging bevat slegs 'n opsomming van die inligting in die volledige aankondiging wat op Maandag, 5 Oktober 2015 op SENS vrygestel is, en is die verantwoordelikheid van die direksie. Raadpleeg asseblief die volledige aankondiging vir addisionele inligting. Die volledige aankondiging is ook op Zeder se webwerf beskikbaar by www.zeder.co.za of kan gedurende kantoorure gratis aangevra en verkry word by die maatskappy se geregistreerde kantoor. Enige beleggingsbesluite moet gebaseer word op 'n oorweging van die inligting in die volledige aankondiging wat op SENS vrygestel is.

Geteken namens die direksie

Jannie Mouton
Voorsitter

Stellenbosch
5 Oktober 2015

Norman Celliers
Hoof uitvoerende beampte

Zeder Beleggings Bpk: Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika
Registrasienommer: 2006/019240/06, JSE-aandelekode: ZED, ISIN-nommer: ZAE000088431

Direkteure: JF Mouton (Voorsitter), N Celliers* (HUB), WL Greeff* (FD), GD Eksteen*, AE Jacobs, WA Hanekom*, PJ Mouton, CA Otto* (*uitvoerend / onafhanklik nie-uitvoerend)

Bestuurder, sekretaris en geregistreerde kantoor: PSG Corporate Services (Edms) Bpk, 1ste Verdieping, Ou Kollege, Kerkstraat 35, Stellenbosch, 7600; Posbus 7403, Stellenbosch, 7599

Oordragsekretaris: Computershare Investor Services (Edms) Bpk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001; Posbus 61051, Marshalltown, 2107

Borg: PSG Capital

Ouditeur: PricewaterhouseCoopers Geïnk.